

### OPLEIDING: DIE SLEUTEL TOT INNOVERING EN VERHOOGDE PRODUKTIEWEIT

Dutoit Agri beskou sy mense as een van die belangrikste bates in die Maatskappy. Dit is immers ons mense wat die elke dag se take wat noodsaaklik vir die voortsetting van werksaamhede is, verrig.

Opleiding is een van die kernbeginsels vir die ontwikkeling van 'n maatskappy. Ons leef in 'n snel veranderende wêreld waar nuwe tegnologie daaglik ontwikkel en wetenskap gedurig nuwe kennis opdoen. Landbou is 'n hoogs wetenskaplike bedryf waar voortdurend gestreef word na metodes om die beste produksie-uitsette te verkry. Dutoit streef daarna om op die voorpunt van kennis te bly en die beste tegnologie in te span tot voordeel van die besigheid.

Om hierin te slaag, is voortdurende opleiding noodsaaklik. Dit help byvoorbeeld nie ons het die beste rekenaarprogramme en weet nie hoe om dit ten beste te benut nie. Ons leef ook in 'n wêreld waarin ons as mense onself moet kan handhaaf. Die lewe kan stresvol wees en hoë eise aan ons stel, daarom is die ontwikkeling van lewensvaardighede (soft skills) en persoonlike groei noodsaaklik.

Dutoit het, soos die meeste landbou-organisasies, 'n spitsyd wanneer al die aandag op die afhaal van die oes is. Dan is daar die kort periode na die oes en voor die volgende oes waartydens talle take uitgevoer moet word. Hieronder tel dan die skep en benutting van opleidingsgeleenthede. Daar is ook die deurlopende programme wat by die Koue Bokkeveld Opleidingsentrum aangebied word om werknemers te ontwikkel. Die afgelope tyd is egter baie aandag gegee aan ander programme wat op groot skaal aangebied is en wat veral gemik was op die ontwikkeling van Bestuurspersoneel.

#### Uitgawe 34

In hierdie uitgawe:

|                     |   |
|---------------------|---|
| Opleiding           | 1 |
| Cape Fruit Coolers  | 2 |
| Maatskaplike Aksies | 3 |

#### Afdelingsnuus:

|                  |   |
|------------------|---|
| Kromfontein      | 4 |
| Tandfontein      | 4 |
| Sneeuwkop        | 5 |
| Dutoit Groente   | 5 |
| Oos-Kaap         | 6 |
| Dutoit AgriTech  | 6 |
| Dutoit Bemarking | 7 |

#### Algemeen:

|                     |   |
|---------------------|---|
| Sport & Ontspanning | 7 |
| Aanstellings        | 8 |

#### MISSIE

Ons produseer, verpak, bemark en versprei kwaliteit landbouprodukte op 'n geïntegreerde, volhoubare, winsgewende, wetenskaplike en markgedrewe grondslag tot bevrediging van ons kliënte en ander belanghebbendes.

#### VISIE

Dié voorkeurverskaffer van spesialis varsprodukte in Suid-Afrika

#### KERNWAARDES

Betroubaarheid  
Lojaliteit  
Oordelikeheid  
Menswaardigheid



Ons noem net enkele daarvan:

1. Leadership for Life program: Dutoit Groente en Dutoit Vrugte (Ons beoog om nog groepe by Dutoit Vrugte op te lei).
2. PST Excel opleiding op beginners-, interim- en gevorderde vlak.
3. Sage People Opleiding: Loondames.

Prophyta program en Experico opleiding: Produksiebestuurders. Die mense wat die opleiding bygewoon het, getuig van hoeveel hulle daar geleer het. Die inhoud het onder andere die volgende onderwerpe bevat: Vrugte kortkursus, Agrimotion and Fruitlook Irrigation Workshop, Fruit Quality and Maturity, Post Harvest Diseases and Handling of Fruit.

### **Wat is die voordele van opleiding?**

1. Verhoogde werknemertevredenheid: Elke werknemer se dienste is van hoë waarde en die maatskappy poog om elkeen se vaardighede te ontwikkel.
2. Aanspreek van leemtes: Beter kennis lei tot meer vaardighede en vinniger werkswyses.
3. Meer innovasie: Dikwels is dit net een stukkies ontbrekende kennis wat kan help om nuwe werksmetodes te ontwikkel.
4. Verlaagde personeelomset: Persoonlike ontwikkeling lei tot groter werkstevredenheid.
5. Vermindering van foute en ongelukke: As die regte en veilige werksmetodes aan werknemers bekend is, lei dit tot 'n veiliger werkomgewing vir hulleself.
6. Minder toesighouding: Wanneer werknemers hulle take goed verstaan, verminder dit die noodsaak om voortdurend te kontroleer of die take reg uitgevoer word.
7. Verbeterde werknemeruitsette en produktiwiteit: Opleiding help werknemers om hulle rol in die maatskappy beter te verstaan om hul take produktief met selfvertroue uit te voer.
8. Ontwikkeling van die talentpoel: Wanneer meer mense 'n taak onder die knie het, lei dit tot minder krisisse wanneer sleutelpersoneel skielik diens verlaat, omdat daar iemand is om die gaping te vul.
9. Ontsluit mense-potensiaal: dikwels is daar versteekte talent onder werknemers, wat eers ontdek word wanneer hulle verder opgelei word en meer geleenthede gebied word om te ontwikkel.
10. Ontwikkeling van spannees: Wanneer spanbouprogramme aangebied word, lei dit dikwels tot die ontwikkeling van 'n nuwe spannees wat tot voordeel van spanwerk is.

## **CAPE FRUIT COOLERS**

'n Nuwe verkoelingsaanleg van Cape Fruit Coolers (CFC) in Milnerton naby Kaapstad bied 'n welkome oplossing vir uitvoerders wat kopkrap oor die toenemende druk in Durban se hawe. Die perseel, wat 5 000 palette vrugte op 'n keer kan hanteer, is met die nuutste tegnologie toegerus en is gebou om produkte met soveel as moontlik verskillende kouesteriliseringsvereistes op een slag doeltreffend te hanteer. Hierdie nuwe perseel van CFC het bykans die maatskappy se kapasiteit verdubbel (hul eerste perseel in Killarney Gardens kan 6 000 palette hanteer).

Mnr. Pieter du Toit, voorsitter van CFC en uitvoerende hoof van die Dutoit Groep, 'n aandeelhouer in CFC, voorsien 'n groeiende vraag na voldoende fasiliteite om verskillende lande en produkte se kouesteriliseringsvereistes te implementeer. "Of dit Indië, die Verre-Ooste of die VSA is, en of dit avokado's, sagte sitrus, appels, pere of druiwe is, ons sien baie meer besigheid in die kouesteriliseringsuitvoere." Om hierdie rede is die nuwe aanleg so ingerig dat baie buigsaam en aanpasbaar is by verskillende koue-steriliseringsvereistes.

"Die besluit om hier te investeer, is geneem nadat produsente die afgelope jare miljarde rande se belegging in die aanplant van nuwe boorde gemaak het. Dit vra waagmoed om in die huidige politieke klimaat nuwe boorde aan te plant, maar as ons kliënte die waagmoed het om te groei, moet ons as CFC ook daardie waagmoed hê," het Du Toit gesê.



Me. Francis Matthee, uitvoerende hoof van Ceres-koelkamers – ook 'n filiaal van die Dutoit Groep – was die projektebestuurder tydens die oprigting van die nuwe aanleg. “Ons wil graag 'n diens lewer wat geen ander fasiliteit bied nie. Daarom het ons verkoelingskamers laat bou wat spesiaal vir avokado's ingerig is, en kamers laat bou wat mikrobestuur moontlik maak sodat vrugte wat teen verskillende temperature inkom, onmiddellik hanteer en verkoel kan word.”

Die aanleg het ook 'n inspeksiekamer wat inspekteurs vir veral die Amerikaanse koue-steriliseringsprogram vir somersitrus in staat stel om hul werk so gemaklik as moontlik te doen. Daar is ook genoeg ruimte om infrastruktuur vir nog 5 000 palette te skep.

Die ander aandeelhouders in CFC is Goede Hoop Vrugte en AP Moller Maersk. Daar word slegs 75% van CFC se kapasiteit deur die aandeelhouders opgeneem.

**Johan van der Merwe (Landbouweekblad)**

## Maatskaplike Aksies

### Dutoit Oos-Kaap

Op 25 Mei het Dutoit Agri Oos Kaap in samewerking met VALK en Misgund Drie-Eenheid Vroueklub 'n oggend gehou met die tema van Wandel in Geloof (Ek maak 'n verskil in 2019). Die doel van die hele dag was om vroue, mans en die jeug bewus te maak van die grootheid en goedheid van ons Hemelse Vader en dat Hy Sy hand na ons uitsteek in die uitdagende lewe van vandag waar probleme, mislukkings, teenspoed, hartseer en geweld dreig om ons onder te kry. Deur middel van sprekers uit ons gemeenskappe van Joubertina en Misgund het hulle hartseer gedeel asook die pad wat hulle na HEELWEES moes stap.

1. Die pad na HEELWEES (hoe dwelms my huislewe amper verwoes het).
2. Die krag van GELOOF ('n Siektetoestand wat my amper ondergekry het).
3. Tyd om te laat gaan wat my GEESTELIK moeg gemaak het. (Hoe ek my pad terug na GOD moes vind).
4. Hoe kom ek weer HEEL (Hoe 'n teleurstelling my op my knieë gedwing het).
5. VERGIFNIS (die leed wat iemand my aangedoen het - het my amper rigtingloos gelaat)
6. Kies die regte SKOENSOLE (So is die lewe ook – wat belangrik is, is dit waarop jy staan-jou skoensole en nie noodwendig hoe blink dit is nie)

Dit was 'n geleentheid vir getuienis vir persone wat van hierdie probleme oorkom het en 'n geleentheid vir die gehoor om daaruit te leer sodat hulle ook 'n pad van oorwinning kan stap. Die ongeveer 130 vroue en 'n paar mans wat op die Saterdag opgedaag het, wys dat daar 'n behoefte aan sulke geleenthede is. Daar was 3 groepe wat deel uitgemaak het van die dag se verrigtinge: Die plaaslike skoolkoor, Haarlem Jeuggroep en Brigade.

#### Terugvoering:

“Die dag het ons geestelik opgebou. Dit laat mens besef daar is mense wat al deur donker tye in die lewe gegaan het met groter probleme as jy, maar hulle het staande gebly deur op die Here te vertrou.” (Priscilla Sysaar)

“Die dag was baie opwindend. Van die straatmars tot die laaste item. Ek was emosioneel gedreineer na die dag. Die sprekers se getuienis het baie persoonlike ervarings wakker gemaak. Ek besef dat elke vrou deur 'n dip gegaan het, maar na hulle geloof teruggedraai het en nou sterker is as ooit.” (Sr. Melanie)

“Die grootste besef is dat God Leef en Hy is in beheer.” (Veronica Steenkamp)



(1) Sr. Melanie en Gesondheidswerkers, Maria Fernol (JGS), Katy Abrahams (Misgund Pakstoor), Letitia de Vos (Brugplaas), Hendrina August (Dampplaas), Veronica Steenkamp (Beau Haru), Johanna Timan (Die Nek), Hessie Williams (Klipdrif) en Sr. Melanie Oberholster. (2) Programleier Pastoor Jeffrey April en Organiseerder George Bokkies. (3) Vroue sing tydens Vrouedag. (4) Spreker Elmarie Janse van Rensburg het gepraat oor Vaskulêre Dimensie.

## Kromfontein



Die Koue Bokkeveld Vroeë Kinderontwikkelings Forum het op 9 Mei 'n ouerskap seminaar by Kaleo aangebied. 140 ouers van 27 plase uit die Koue en Warm Bokkeveld, het die geleentheid bygewoon. Elkeen van hierdie ouers is huis toe met die opdrag om die inligting wat hier ontvang is, op hul plase te gaan deel met ouers wat nie die geleentheid kon bywoon nie. Die charismatiese spreker, Rian Truter, 'n kenner op hierdie gebied, het met 'n lag en 'n traan ouers behoorlik wakker geskud vir die verantwoordelikheid wat op hul skouers rus. Ons vertrou dat hierdie opleiding 'n daadwerklike verskil in ons plaaskinders se lewens sal maak en is oorweldig deur die positiewe terugvoer wat ontvang is.

Op die foto verskyn Sandra Galant, Leoni Paulse, June Jantjies en Rian Truter, almal van Kromfontein. Vastrap, Lindeshof, Tandfontein en Paardekloof het ook die gesprek bygewoon.

## Tandfontein



Die jaarlikse Rieldanskompetisies word gewoonlik aangebied deur die ATKV. Tandfontein se Rieldansers (Leeuduifies) is reeds vanaf 2016 in aksie. Hulle het al aan verskeie kompetisies deelgeneem waar hulle onder andere, 1ste, 2de en 3de plek behaal het. Hulle het Saterdag, 2 Maart 2019 ook aan 'n kompetisie in Touwsrivier deelgeneem waar hulle 'n waarderingstifikaat ontvang het.

Die groepleier is Gorina Rooi, met 4 seuns en 4 dogters as dansers, (2 seuns afwesig op foto). Hulle word begelei deur Ranville Prince op kitaar.

### Seuns:

Adrian Fortuin, Deniquin Rooi, Kallie Witbooi, Stefanus Witbooi

### Dogters:

Abigail Rooi, Jo-Anne Paulse, Britney Snyers, Rachel Pienaar

## Sneeuwkop



(1) Tydens Sneeuwkop se Oesaf funksie, het werkers hul sertifikate in ontvangs geneem vir kursusse wat hulle die afgelope jaar suksesvol voltooi het. Op die foto verskyn Nombulelo Mgoqi (Noodhulp Vlak 1), Koos Rooi (Veilige hantering van plaagdoders), Annah Jika (Groente Monitor), Nomsa Mgoqi (Groente Monitor) en Willem van die Merwe (Veilige Hantering van Plaagdoders).

(2) Sneeuwkop se beste seisoenwerkers is vereer vir uitstekende prestasie tydens die afgelope Oestyd. Die beste stukwerkers was: Tshepo Mohosho (2de beste stukwerker vir Oesseisoen), Pulane Ntsele (Beste stukwerker vir die Oesseisoen) en Jerome Khopocha (3de beste stukwerker vir Oesseisoen).

## Dutoit Groente

Die nuutste toevoeging tot Dutoit Agri se pakprosesse is 'n uiterse eenvoudige, maar dinamiese patatpakstoor op Swartdam. Die pakhuis bestaan uit slegs twee paklyne, waar die patats met behulp van pakkers gegradeer en gesorteer word, om eenvormigheid en net die beste kwaliteit vir uitvoer te verseker. Grootte, kleur en letsels bepaal die sortering, sodat die patats in elke kartonhouer eenvormig is. Sedert die ingebruikneming van die nuwe pakstoor is dit moontlik om ongeveer 2 400 kartonhouers per dag (3 ton per uur) te pak. Cyril Rhode (Pakhuisbestuurder: Dutoit Groente) is elke dag op die perseel om seker te maak dat alles glad verloop.

Die eerste patats was middel Maart gereed vir oes, waartydens 'n komplekse oesskedule gevolg word. Eerstens word die groei getermineer deur die ranke los te trek van die patats, wat dan bo-op die grond gepak word vir die beskerming teen sonbrand. Die patats word dan in die grond gelos, sodat die skil kan set. Die oesproses begin met 'n uithaler wat die patats uit die grond lig, waarna alles met die hand opgetel en versigtig in kassies geplaas word. Vanuit die kassies word die patats in 'mini-bins' geklas, gewas en na die afhardkamers geneem. Die patats moet dieselfde dag nadat dit uitgehaal is in die afhardkamers ingaan om te verseker dat die afhardproses so effektief moontlik geskied. "Mini-bins" word gebruik aangesien ventilasie in die afhardkamers baie krities is. Die patats word in die afhardkamers gehou vir 72uur op 90% relatiewe humiditeit en 30°C. Tydens hierdie tyd, vind wondgenesing en verdere afharding van die skil asook ander fisiologiese ryppword prosesse plaas.



Die patats word onmiddellik na die afhardingsproses in die mini-bins na Swartdam vervoer, ongeveer 32km vanaf Skaapkraal. Die ontwikkeling van die pakstoor het beter produktiwiteit verseker weens doeltreffende logistiek en die besparing van vervoerkostes.

"Om 50 ton patats per hektaar te produseer, wat geskik vir die uitvoermark is, is 'n perd van 'n ander kleur.", sê Johan Cronje (Landboukundige: Dutoit Groente) "Soos enige hoëwaarde gewas wat op 'n kommersiële skaal verbou word, moet al die produksiefaktore optimaal benut word. Grondvoorbereiding, bemesting en plaagbeheer word bestuur op grond van grondontledings, blaarontledings en ook die landmonitordata. Goeie bestuur vanaf die oes tot na die afharding is kritiek en het ook 'n baie groot invloed op die kwaliteit."



Dutoit Groente het vir die afgelope 8 jaar patats na Europa en die VK uitgevoer. Die produkportefolio bestaan tans uit oranjeveleis (Murasaki, Bosbok) en geelveleis (Orleans, Beauregard). Frankryk, Duitsland en Nederland vorm tans die grootste deel van die mark wat oranjeveleis variëteite verkies. Pieter du Toit, Direkteur: Dutoit Groente, is baie positief oor die patatoes: "Vanjaar se kwaliteit is uitmuntend, ons sien uit na 'n goeie jaar!"

**Dutoit Groente Span**

## Oos-Kaap (Nuweplaas)

Ons is baie opgewonde oor die vooruitsigte wat Kiwi's in Dutoit Agri mag bring. Daar is 'n proefblok op Nuweplaas opgerig. 'n Ou blok Granny's en Starkings wat reeds in 1960 aangeplant is, is geïdentifiseer om uitgehaal te word en vir die Kiwi-aanplantings plek te maak. Weens die ouderdom van die bome en afname in produksie, moes die boord eers gedol en berook word. Nuwe dreineringslote is ook gevestig.

Bruno onderstokke word tans gebruik, waarna dit na een of twee jaar oorgeënt sal word na Kiwi's. Die plant self lyk soos 'n tipe wingerdstok wat opgelei sal moet word.

Die eerste hektaar Kiwi-plant is in 2018 gevestig. Die grootste uitdaging was die skuif van 'n Eskom-lyn wat deur die middel van die boord geloop het. Die onderstokke het opgedaag voordat die nette opgerig kon word en moes dit noodgedwonge geplant word sonder die nodige windbeskerming. Weens die erge windtoestande het daar baie plantjies gevrek en sal daar vanjaar nuwe plantjies ingeboet moet word. Net-strukture is eers teen einde April 2019 voltooi en daar kon onmiddellik 'n verbetering in die groei van die onderstamme bespeur word.

Weens die water-tekort op Nuweplaas en die feit dat Kiwi's met minder water as appels en pere oor die weg kom, was dit 'n goeie besluit om die Kiwi's hier te vestig. Die aanplanting van Kiwi's het 'n nuuskierigheid in die Kloof aangewakker en wil mense graag sien hoe dit hier sal aard.

**Rheiner Kritzinger**



## Dutoit Agri Tegnieiese Dienste



(1) Taniith Freeman het gedurende Mei 2019 Dutoit se sleutelklënte vir kersies en steenvrugte in die VK besoek. Dutoit is gedurende die seisoen aangewys as Tesco se beste verskaffer vir steenvrugte uit Suid Afrika en tweede uit die Suidelike Halfrond.



(2) Dr Alberto Dorigoni was een van die gassprekers by vanjaar se Hortgro Simposium. Alberto is die vader van die Guyo stelsel waar bome gemanipuleer word om meer leiers te vorm met 'n baie smal boomvolume. Die hoofdoel hiervan is om bome te skep wat 'n maksimum hoeveelheid vrugte aan lig blootstel en om die persentasie klas1 vrugte per hektaar te maksimeer. Daar word proewe volgens hierdie stelsel op Vastrap gedoen. Alberto het saam met ons deur die boorde beweeg om sy kennis te deel oor die manipulasie van die nuwe generasie boorde.



(3) Die afgelope kersieseisoen was uitdagend. In oestyd het baie reën die kersies laat bars en die kwaliteit daarvan beïnvloed. Die groot uitdaging is om die bars risiko op kersies in oestyd te bestuur. Ons het die afgelope seisoen 'n besoek aan Chile afgelê, waar ons heelwat boorde gesien het met Raincovers op. Die Raincovers word gedurende oestyd oor die bome getrek om te keer dat die kersies natreën. 'n Proef gaan op Nooitgedacht gedoen word om ons resultate met Chile te vergelyk.



Op produksiekant het ons ook 'n nuwe rigting ingeslaan. Die stelsel word die RVS System genoem en is deur Ronald Vermeulen van Nederland ontwikkel. Ronald Vermeulen gaan ons drie keer per jaar besoek om ons te help met die optimalisering van die sisteem. Ons glo dat hierdie stelsel meer konstante oeste met beter kwaliteit en tonne sal lewer.

Die maatskappy het die afgelope paar jaar baie belê in die kersies. Ons vertrou dat die kersiebedryf van krag tot krag sal gaan en dat ons 'n voorkeur verskaffer van kersies in die mark sal bly.

(4) Op vroeë plase se nektariens word bome met drape-nette toegemaak, as 'n proef om die winterkoueakkumulasie te verhoog. Verhoogde geakkumuleerde winterkoue dra by dat die bome aanvanklik beter wegtrek en gevolglik die potensiaal het tot verbeterde vrugkwaliteit. Drape-nette verbeter die koueakkumulasie deur die blootstelling van vrugknoppe aan direkte sonlig te verminder. Rusbreek spuite word vanjaar op die vroeë nektariens beproef, wat 'n ongewone praktyk is. Die doel is om die winterkoue behoefte tot 'n mate op te hef, asook om die bome 'n beter wegtrek te gee met die oog op verbeterde vrugkwaliteit en vruggrootte.

## Dutoit Bemarking



(1) Louis du Toit het gedurende April die Midde-Ooste besoek. Die Al Jebali Groep in Doha, Qatar is een van Dutoit se langtermyn kliënte en hulle Maatskappy het die afgelope paar jaar baie mooi gegroei. Ons grootste besigheid in die verlede was in Oman, maar met Qatar en Saudi aan boord het die besigheid geweldig gegroei. Die besoek in Mumbai, Indië was die hoogtepunt. Vanaf 2017 is alle appels vanaf China na Indië verbied, wat 'n redelik groot gaping gelos het. Die meeste appelluitvoerlande teiken nou die markte in Indië en is besig om hulleself te posisioneer.

(2) Gysbert du Toit en Emile Marais het in Mei die Guangzhou mark in China besoek, waartydens hulle die verkope met groot sukses bevorder het. Dutoit het goeie vooruitsigte vir die markte in China, die geleentheid is volop.

(3) Kanzi® is een van die klubvariëteite wat deel vorm van Dutoit se produkportefolio. 'n Hoogtepunt tot dusver was die Kanzi proe-demonstrasie wat in verskeie PnP winkels oor Suid-Afrika aangebied was. Ons het baie goeie terugvoering ontvang oor die besonderse smaak en top kwaliteit van die appels. Kanzi® is 'n gebalanseerde appel en kan beskryf word as 'n kombinasie tussen 'n soet Gala en 'n sappige Braeburn.

## SPORT & ONTSPANNING



### **Monique Titus: Wees iemand se inspirasie**

Sedert Januarie hierdie jaar ploeg Monique Titus, werknemer op Kromfontein, haar tyd en energie terug in die lewens van die ander jongmense in die Koue Bokkeveld. Sy is 'n kampioen en veranderingsagent vir twee sport- en ontwikkelingsprojekte wat einde volgende jaar deur Laureus Sport for Good Foundation in die Koue Bokkeveld begin is: Healthnutz (gesondheids- en bewegingsprogram onder die ouderdom van 10) en CoolPlay (ontwikkeling van lewensvaardighede deur middel van sportafrigting). Nie net is Monique deel van die span van vyf kampioene in die Koue Bokkeveld nie, sy is ook deel van die jeugleiers wat aan Laureus se Youth Empowerment through Sport program deelneem.

### **Hoekom wil jy graag met die jeug werk?**

Baie van ons jeug het geen respek vir hulself en vir die mense rondom hulle nie. Hulle is vasgevang in dwelmgebruik en drankmisbruik. Dit breek my hart om te sien hoe ons kinders verval en hoe hulle hul lewens verwoes. Dit is 'n siklus wat aangaan, maar geen einde het nie. Nou is die vraag, hoekom is ons jeug vasgevang in dwelms? Omdat daar geen of baie min aktiwiteite is om hul besig te hou. Omdat ons kinders se selfvertroue gebreek word. Daar is min ondersteuning in ons gemeenskappe, maar waar daar 'n wil is, is daar 'n weg. Almal verdien 'n tweede kans.

### **Wat beteken dit vir jou om deel van Healthnutz en CoolPlay in die Koue Bokkeveld te kan wees?**

Dit is 'n wonderlike geleentheid om deel te wees van hierdie programme. Ek word geleer om met vandag se jeug te werk om sodoende 'n verskil te maak. Ek is daar vir hulle in moeilike omstandighede, om hulle hande vas te hou en om selfs net goeie tye saam te hê. Die kennis wat ek kry, sal ek met liefde deel en dit uitleef. Ek sou nooit kon droom oor hierdie geleentheid nie, ek kan net trots wees op myself en dankbaar wees vir die ondersteuning.

### **Jy is gekies as een van die Laureus YES-leiers vir die jaar. Hoe was die aansoekproses en onderhoud?**

Ek was eers senuweeagtig, maar toe kry ek die vraag: Vertel ons 'n bietjie oor jouself? Mens, dan loop die woorde soos water en dan is ek nie meer skaam nie. Ek was te alle tye eerlik. Die wagproses was stresvol, ek het nie geweet wat om te verwag nie, maar ek het positief gebly.

### **Wat is jou boodskap vir vandag se jeug?**

My boodskap aan vandag se jeug is om nie moed op te gee nie. Bly positief en fokus op dit wat vir jou belangrik is. Laat skyn altyd julle liggies: Glo in jouself al sê wie wat en wees iemand se inspirasie. Strewe na beter.

**Jeanette Clark**

## AANSTELLINGS



**Janine van Rooy** – Gemeenskapsontwikkelaar: Crispy Farming & Skakelbeampste: Witzenberg PALS  
**Surina Swanepoel** – Rekeningeklerk: SeasonFresh | **Judy Zeelie** – Stelseladministrateur: Dutoit Vrugte

Redaktrise: Runei Kotze. Stuur alle kommentaar, versoeke en nuus na [runeik@dutoit.com](mailto:runeik@dutoit.com) Telefoonnommer 023 312 1071.

Korrespondente in afdelings: Dutoit Hoofkantoor: Adél Ras. Dutoit Vrugte: Le-Mare van Niekerk. Dutoit Groente: Florina Ismael. Dutoit Hout: Lucille Jacobs. Kromfontein: Chrisna du Toit. Lindeshof: Louisa Basson. Nootgedacht: Mabru Marais. Paardekloof: Lenchen Visser. Vastrap: Therina Viljoen. Sneeuwkop: Bets Mostert. Tandfontein: Lina Smit. Skaapkraal: Carmé Steyn. Swartdam: Karin Malan. Excelsior: Theresa Pienaar. Oos-Kaap: Vanessa Strydom. Crispy Farming: Karin November. SeasonFresh: John Davey. Bokkenfontein: Willem Reynolds.

Redaksionele beleid: Ons oorweeg alle bydraes, maar behou ons die reg voor om nie alle materiaal te plaas nie. In die oorweging word die totale spasie beskikbaar in ag geneem, asook of die materiaal in lyn is met die visie, missie en waardes van Dutoit Groep.

Bly altyd op hoogte van die nuutste Dutoit Agri nuus: [www.dutoitagri.co.za](http://www.dutoitagri.co.za) / FB: @DutoitAgri / Instagram: @Dutoit\_Agri 8